Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

10 September 2024
OB 34

Beste Ouers

Ons innige simpatie aan me. Eileen Olivier, haar gesin en familie, met die afsterwe van haar pa. Die verlies van ’n geliefde is baie hartseer. Ons dra hulle op aan ons Heer en bid vir versterking.

Ons moet aan die einde van die jaar vir me. Li-Anne Stemmet, sowel as me. Marika Enslin groet, wat die skool verlaat en nuwe uitdagings gaan aanpak. Ons sal hulle teenwoordigheid beslis mis en sal later in die jaar op gepaste wyse van hulle afskeid neem.

Die kwartaal snel ten einde en die leerders is dankbaar om klaar te wees met die kwartaallikse assessering. Die res van die kwartaal word gebruik om die toetse / assesseringstake met die leerders deur te werk, asook inskerping en hersiening te doen. In die meeste vakke vanaf gr. 4-7, word reeds begin met kwartaal 4 se werk. Kwartaal 4 is baie kort en ons wil genoeg ruimte laat vir hersiening voor die eindjaar eksamen. Dit is **noodsaaklik dat gr. 3 en 6** getrou skool bywoon, aangesien die laaste inoefening gedoen word vir die WKOD Sistemiese Toetse wat op 3 Oktober plaasvind.

Daar is minder as 2 weke van die kwartaal oor, maar daar vind nog verskeie aktiwiteite plaas wat vir die leerders gereël is. Sien asb. meer hieroor in die weekprogram. Die Intersenfase Kultuurmiddag, Merwe Genis Krieketkliniek, Gr. 6 klasuitstappie, Gr. 5 S.O.S. kamp en Lentedag lê nog voor – alles hoogtepunte op ons jaarkalender.

Sterkte vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Maandtema:
TOEWYDING
Ek sal met oorgawe en geesdrif alles doen wat nodig is om die jaar deur te sien.

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 11 Sep	IF Kultuurmiddag
Donderdag, 12 Sep	Laaste sportoefening vir die kwartaal
Vrydag, 13 Sep	Krieketkliniek: Merwe Genis & nette opening Hamburgerverkope Entrepreneurs: Ope
Saterdag, 14 Sep	Krieketkliniek: Merwe Genis Hoërskool Hexvallei Atletiekbyeenkoms
Maandag, 16 Sep	Gr. 6 uitstappie
Dinsdag, 17 Sep	Gr.6O Studiemetode kursus
Woensdag, 18 Sep	Gr. 5 SOS kamp Gr.6D Studiemetode kursus Matrieksaal: 11h00
Donderdag, 19 Sep	Gr. 5 SOS kamp Lentedag (skool sluit 12:00 vir alle leerders)
Vrydag, 20 Sep	Gr. 5 SOS kamp Skool Sluit

LENTEDAG

LENTEDAG !!!

Ons jaarlikse Lentedag word op Donderdag, 19 September gehou. Leerders kan volgens 'n land aantrek. Daar is pryse op die spel. Die graad 7's bied lekker speletjies aan en leerders geniet 'n worsbroodjie tussendeur. Bring 'n geldjie vir kaartjies (R5 per kaartjie). Die snoepie gaan ook oop wees.

Daar is geleentheid om vooraf kaartjies te koop by jou klasonderwyser vanaf 13 tot 18 September. 'n Maksimum van 10 kaartjies mag vooraf gekoop word. Daar sal op die dag ook nog kaartjies verkoop word.

LM SKAKEL

LM Skakel bestellings kan tot Donderdag, 12 September 2024 by jou klasonderwyser geplaas word.

Steeds slegs R5!

PERSONEEL VERJAARSDAE

Mechyla Schoeman: 12 September

Casey-Lee Wilschut: 24 September

Dawieda Kruger: 28 September

MONTIES INTERAKTIEWE TEGNOLOGIE UITSTALLING

MONTIES INTERAKTIEWE TEGNOLOGIE UITSTALLING

LAERSKOOL MONTAGU SKOOLSAAL



Besoek ons uitstalling op **Dinsdag, 8 Oktober** en raak deel van die *awesome* wêreld van tegnologie.

Ouers en ander belangstellendes is welkom om **tussen 12h00 en 13h00** die Gr. 6-leerders se NWT projekte, asook die Gr. 7-leerders se Tegnologie en "Coding and Robotics" projekte te besigtig.

HOKKIE

NB! NB! NB!

Alle hokkiestokke en *shin pads* wat by die skool geleen is, moet asb. ASAP by me. Olivier ingehandig word.

GR. 2-UITSTAPPIE

Dinsdag, 10 September 2024 het die Gr. 2's Birds Paradise besoek. Daar het hulle verskillende voëls in die hokke gesien. Hulle het op die speelterrein gespeel en elkeen het 'n heerlike melkskommel gedrink.

Baie dankie aan die juffrouens wat ons vergesel het en mnr. Krüger en oom Gert den Engelsman wat die busse vir ons bestuur het. Dit was 'n heerlike uitstappie wat ons lank sal onthou.

MEGS-APP SIM-KAART

Onthou om jou Megs-App Sim-kaart teen net R10 by die skool te kom koop! Die Monties kry kommissie op alle lugtyd en data. "Pay as you go" nommers kan oorgeplaas word.